

2020-03-22

`n Nuwe rat, die uiteinde van Lydenstyd.

Handelinge 2:1-13

Goeie môre aan u elkeen.

Votum:

1Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. 2Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. 3Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. 4Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.

Sang:

Indien u van 'n rekenaar/selfoon af lees kan u op die skakel druk na die Youtube link vir die lied. Dit is opsioneel. U kan dit ook copy en Paste om na die lied te gaan.

Kom O Skepper Gees:

https://www.youtube.com/watch?v=vvY1-Kb_100

Loof die Heer Hy is Goed.

<https://www.youtube.com/watch?v=ftmw2pLLb1A>

Groet:

Gemeente, ek groet u in die naam van God die Vader, Jesus die Seun en die Heilige Gees. Genade en Vrede vir u, mag u in hierdie besondere reis 'n onvergeetlike ontmoeting met God beleef, Amen

Gebed:

Here, dankie vir die geleentheid om, alhoewel dit apart is van mekaar, steeds die koinonia gevoel kan beleef as groep gelowiges tesame. Neem ons asseblief aan die hand en lei ons na waar U ons will neem, Spreek tot ons, want ons u kinders, ons u dienaars, ons luister.

Amen.

Boodskap en Skriflesing:

Dit is vir my 'n baie groot voorreg om in Lydenstyd 2020 saam met u te reis vir die drie weke voor Paasfees. Baie dankie aan elkeen wat ingestem het daartoe dat ons op hierdie medium kan kommunikeer. Ek sou nooit kon dink dat die kerk in Lydenstyd en Paastyd op hierdie wyse kon kommunikeer nie. 'n Wyse wat nie beperk is tot 'n kerkgebou nie, maar die kans het om mense in die veld bereik, in die kombuis, die sitkamer, die studeerkamer, die kantoor, die slaapkamer.

Dit is die mooi van ons Here, Hy wil ons oral bereik, nie net in die kerk nie. Dit is een van die positiewe dinge wat ons uit die hele Korona epidemie kan neem, dat ons tot stilstand geruk word om weer perspektief te kry. Perspektief op wie ons is en waarheen ons oppad is as individue en en as groep gelowiges

Ek sal graag met u, waar u uself ookal bevind, hierdie reis wil meemaak.

Die kerk is die afgelope paar jaar deur groot invloede van binne en buite gebombardeer, sommige het het meer skade as ander gemaak. Ons gaan dalk ietwat daaraan aanraak in die komende weke, maar dit is nie die essensie waarop ons die boodskappe gaan bou nie. Dit is al so deurgetrap en nog meer gesprekke hieroor gaan net meer wrywing veroorsaak. Ons gaan bou op die basiese boublokke van kerkwees.

Kerkhou is baie soos motor bestuur. Daar is soveel maniere van bestuur afhangende van die gemoedstoestand van die bestuurder en omstandighede, maar die basiese beginsel is die selfe. Ry so glad as moontlik, veilig as moontlik. Elke dag op die paaie

leer ons van voor af bestuur, die basiese beginsel is dieselfde, maar die uitvoering verskil elke dag.

Ek onthou in die tyd toe ek nog slegs net oor 'n leerlinglisensie beskik het om 'n motor te bestuur. Ons het 'n persoon gehad wat by my ouers geloseer het. Ek moes op 'n stadium saam met hom in stad toe ry vanaf die voorstad waar ons gewoon het, hy het in die stad gewerk en ek moes stad toe gaan. Hy moes ook iemand anders opgelaaai het wat saam met ons moes ry. Die persoon se huis was in 'n verkeer sirkel, sowat drie huise regs van ons. Volgens die verkeersreëls sou ons die hele sirkel moes omry om by die betrokke huis te kom. Die oom sien dat daar geen verkeer is nie, en draai sommer regs, teen die sirkel se toegelate rigting. Sy woorde aan my was: "maak soos ek sê, nie soos ek doen nie."

Ek onthou vandag nog my pa hoe hy my op sy unieke wyse geleer het van koppelaar-beheer, en nie die enjin te "oorref" of te veel op die koppelaar te lê nie.

Net soos daardie beginsel van so glad as moontlik, veilig as moontlik vir bestuur geld, geld dit ook vir kerkwees. As kerk is ons in 'n nuwe rat, en net ons kan bepaal hoe die oorgang gaan wees: glad of rukkerig. Dit is immers wat die hele Korona situasie ons tot forseer, om van rat te verander, en hierdie ratkas is beslis 'n outomatiese een nie.

Waar begin ons om te leer om seepglad van rat te verander? By die teorie. Hoe leer ons? Uit die verlede. Die kerk se geskiedenis leer ons dat die keer voortdurend van rat moes verander. Kom ons kyk na die eerste kerk, hoe hulle dit hanteer het.

So kom ons lees saam uit die boek Handeling van waar die kerk sy eerste treë gegee het, wat gebeur het, en ook wat van die reaksies toe ook was.

Vandag lees ons saam uit Handeling 2:1-13.

Die uitstorting van die Heilige Gees

1. Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.
2. Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.
3. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.
4. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.
5. Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.
6. Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.
7. Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.
8. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?
9. Perse, Mediërs en Elamiëte, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië,

10. Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome,
11. Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.”
12. Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken?”
13. Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

Ons gaan in die komende eredienste tot Paasaweek met die boek Handeling 2, 'n reis ondergaan wat die vroeë kerk se eerste babatreë was. Ons reis begin by Handeling 2, waar die Heilige Gees uitgestort is op die volgelingen van Jesus Christus. Die begin van God se reis met die Kerk. Om die natatenskap van Jesus te laat voortleef.

As ons in die Bybel tot hier toe 'n beeld van God self moes skep dan sou dit baie aangesluit het by Bette Midler lied: “*From a distance*” (skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=IN4AcFzxtE>). Dit is die beeld dat God daar doer ver is en letterlik van bo af neerkyk op die mens. Jesus is wel afgevaardig om God te verteenwoordig, maar Hy is nie as God self gesien nie, omdat Hy juis die hele tyd na Sy Vader verwys wanneer Hy van God gepraat het.

Die hele ontstaan van die gedagte dat God die hele tyd op 'n afstand is, spruit uit die sondeval verhaal waar God opgehou het daagliks saam met die mens te kom wandel. Dit sou die kloof tussen God en die mens net al hoe groter maak. 'n Geskeurde verhouding wat nie meer geheg kon word nie. Dit was 'n wig wat tussen mens en God ingedryf was wat die afstand verder sou neem tussen mens en God.

Jesus kom en begin om versoening te bewerkstellig. Hy stel ons weer bekend aan God en wat God vir ons wil wees en wat Hy vir ons kan doen. Daar is egter die voorwaarde dat ons moet glo in God. Jesus moes ons voorberei op vir wat oppad was, die Heilige Gees. Sou ons God nie ken nie, sou ons nooit die Gees geken het nie.

In hierdie Handeling gedeelte word God weer letterlik deel van Sy volgelingen. Die Griekse en Hebreeuse woord vir Gees en asem is dieselfde. Daarom, wanneer ons die Heilige Gees ontvang, dan doen God letterlik 'n geestelike KPR op ons. Ons ontvang dus Sy Gees. Dit stel ons in staat om nie net hier nie, maar ook die Hemel eendag saam met God sal wees. God en die mens kan weer saam wandel soos dae van ouds, net op 'n nuwe wyse.

Dit is een van die mees uitstaande, maar ook misverstaande konsepte, die hele konsep van die Heilige Gees. Ons gaan in die komende weke bietjie weer fokus op die Heilige Gees, en hoe die Gees werk.

Die Heilige Gees word uitgestort op die dissipels van Jesus. Van hier af sou hulle as die Apostels heet. Dit was vir hulle 'n totale vreemde ervaring gewees, dit is te verstane dat

dit vir die omstaanders net so onverstaanbaar moes gewees het. Die reaksies was uiteenlopend. Die mooi van die verhaal was dat daar groeperinge mense was wat in die verlede uitgesluit gevoel het, nou ingesluit kon wees. Die eksklusiewe kerk se inklusiwiteit het beter geraak.

Die Heilige Gees stel ons as individue en ook ons as kerk in staat om buite ons eie verwysingsraamwerk op te tree en dinge te doen wat ons nie andersins sou kan nie.

Daar twee lense waarmee ons hierna kan kyk. Eerstens die beweging van die Heilige Gees, dat Hy oral kan beweeg, dat Hy God oral kan verteenwoordig. En aan die ander kant ons as mense se weerloosheid dat ons afhanklik is van die Heilige Gees.

Die kerk skop in rat en trek weg. 'n Nuwe era breek aan, die vervulling van die koms van Jesus, soos Sy Naam, Immanuel ook lui, "God met ons".

Wat is die doel van die kerk? Volgens die Kerkorde van die NG Kerk, is die kerk die plek waar:

- Die Woord suiwer verkondig word
- Die sakramente bedien word.
- Waar die kerklike tug toegepas word.

Beide die eerste twee punte is die mense se ervaring van God, en hoe ons dit moet vier met meer sintuiglike aksies.

Die laaste punt oor die tug kan ons ook interpreteer dat ons mekaar moet aanmoedig om in welke geval korrek op te tree binne die raamwerk van ons geloofsbepalings. Dit moet dus nie 'n stok wees om mense mee te slaan nie, maar 'n staf wees om mense te begelei.

Dit die Heilige Gees wat ons begelei om te groei in die kerk.

Ons reis begin op die spoor van godsdiens. In hierdie stadium leet ons wie God is. Ons is besig met 'n treinreis. Ons is deel van 'n groot groep mense wat saam beweeg, beperk tot die spoorlyn van die trein. Dit is 'n stelsel wat ons meen na plekke waar ons God, Jesus en die Heilige Gees leer ken. Ons leer ook ons padkaart lees, die Bybel. Ons leer ook wat van ons verwag word in verband met optrede in bepaalde situasies. Dit is 'n struktuur wat deur die jare oor en oor hersien word om die doel van begeleiding in tred te hou met die leefwêreld van die persone wat daarin reis. Ek onthou in my studiejare moes ons by die Hartebeespoortdam 'n dag van stilte doen. Ek het in die omgewing van die plek waar ons gekamp het as groep gaan stap en by die ou treinbrug gekom wat oor die Krokodilrivier gaan. Ek wou daarop loop met alles in my, maar my vrees van hoogtes het my probeer stop. Wat my wel gedryf het om wel te loop was die

feit dat daardie brug talle treine van etlike tonne gedra het, my karige 120kg was dus nie 'n probleem vir die brug se kapasiteit nie.

Ons bereik in die kerk op 'n stadium die fase waar ons die pad van geloof betree. In hierdie fase neem ons die kennis van die eerste fase en ons pas dit toe om self op reis te gaan onder leiding van die Heilige Gees. Ons kan dus al die hoorweë, nasionale paaie, stedelike paaie, grondpaaie aanpak. Ons het die toerusting en die kennis, dit moet ons in staat stel om te beweeg waar God ons wil neem, al hoe nader aan Hom, en die einddoel van ons hele reis, die Hemel.

God het van die begin af vir ons die Heilige Gees vir ons gegee toe daar letterlik 'n nuwe kerk geskep was, waarom sal Hy sy Gees terugtrek vandag wanneer ons weereens geforseer word om oor te skakel na 'n nuwe rat, 'n nuwe era.

Ons kan die Koronafobie era sien as iets negatief, wat ons as kerk wil stuit en afbreek, maar ons kan dit ook sien as 'n geleentheid om weer na te dink oor kerkwees en hoe ons die elemente van kerkwees kan laat leef ten spyte van teënstand.

Ons kry baie keer die idee en illusie dat alles in die kerk net goed moet gaan, God is mos daar en die Heilige Gees is in beheer, maar die teendeel is dat die kerk gereeld deurloop van aanslae. As dit nie gebeur nie, moet ons bekommerd reageer. Ons is ook mense, ons sal nie alles perfek doen nie, ons sal foute maak. Die vraag is net hoe hanteer ons daardie foute, smeer ons dit toe? Verdedig ons dit? Verskuif ons die blaam onnodig?

Die Gees stel ons in staat om God se wil uit te leef deur eerstens met eerstens die vrug van die Gees, en ook die Gawes van die Gees. Die vrug van die Gees is 'n ononderhandelbare stel eienskappe waaraan ons moet voldoen, waar die gawes van die Gees uitgedeel word om bepaalde funksies te verrig.

Paulus skets die mooiste beelde om ons as eenheid te beskryf, die liggaam, en dat ons soos kleipotte is wat gevul is met die grootheid van God.

Vandag se hele boodskap is duidelik, ons moet God uitnooi en toelaat om ons deur sy Gees ons te lei om die tydelike oorgang so te bestuur dat ons nie sal sink nie. Daar is baie dinge wat ons bang maak, en ons het volle reg om bang te wees, maar die stille teenwoordigheid van die Heilige Gees gee ons baie skuiling om nie bang te wees nie. <https://www.youtube.com/watch?v=9p8Lef6ldoM> hierdie lied is net 'n herinnering dat ons nie bang hoef te wees nie.

Met Hom aan ons sy, kan niemand ons stuit nie.

Gebed:

Here, ek is bereid om my deur die Gees te laat lei. Neem my asb waar U my nodig het.

Slotlied:

Neem my lewe, Laat dit Heer.

https://www.youtube.com/watch?v=M72t2_ydjjE